# Weekbrief
# Primêre Skool Jim Fouché

**WB 28 AUG 2009**

Ons kan al amper sing "Dit is heerlike lente, die winter is verby" ..... Lente beteken nuwe groei aan ons bome en plante en warmer dae en nagte. Hopelik gaan al die peste, wat die winter meebring ook nou tot volgende winter begin hiberneer.

**GRAAD 1 OPE-DAG**

Hiermee word alle voornemende Graad 1 leerders vir 2010, vriendelik na Primêre Skool Jim Fouché se ope-dag uitgenooi.

DATUM: 4 September 2008
TYD: 14:00
PLEK: J.F. Skoolsaal

**FINANSIES:**
**Daar is maniere om meer kontant in die sak te bewerkstellig. Bespaar waar jy kan en voel die sente in jou sak. Kom ons kyk na besparings in en om die huis:**

1. **Gebruik kompakte buisligte en energiebesparende gloeilampe in plaas van gewone gloeilampe;**
2. **Bring kos tot kookpunt op hoog, draai dan die stoofplaat se hitte af en prut kos tot gaar, sorg dat jou kastrol dieselfde grootte as die stoofplaat is;**
3. **Kook met klein toestelle : gebruik broodroosters, elektriese roosters en braaipanne, drukkokers ens. waar moontlik.**
4. **Moenie die deur van die yskas onnodig oopmaak en laat oop staan nie, maak seker dat die lugdigte seël heel is. Laat warm kos eers afkoel voor dit in die koelkas geplaas word.**
5. **Isoleer die plafon, seël vensters sodat daar nie koue lug in jou vertrekke inkom nie.**
6. **Stel die termostaat van jou geyser op 60°C. Gebruik 'n geyser kombers en isoleer die waterpype.**
7. **'n Elektriese kombers gebruik minder elektrisiteit as 'n verwarmer.**
8. **Draai die kraan toe terwyl jy jou tande borsel (dit bespaar tot 20 liter water), of wanneer jy skeer (dit bespaar tot 45 liter!).**
9. **'n Bad gebruik gemiddeld 160 liter water - 'n stort wat vyf minute duur gebruik 60 liter. Stort eerder as om te bad, gebruik 'n kleiner bad of bad saam. Lekker.**
10. **Maak seker dat jou wasmasjien of skottelgoedwasser heeltemal vol is voordat jy dit gebruik.**
11. **Dink voordat jy glase en messegoed onder lopende water afspoel.**
12. **Verminder die hoeveelheid water wat in die toilet afspoel. Deur 'n "Hippo-sak" te installeer of 'n 2-liter plastiek bottel vol water in die waterbak van jou toilet te sit kan jy elke jaar tot 7 300 liter water bespaar.**
13. **Maak seker dat water nie in jou toilet uitlek nie deur 'n paar druppels voedselkleursel in die waterbak te drup - as die kleur in die bak uitlek, is daar 'n lekplek. 'n Toilet wat lek kan tot 30 liter water per uur mors!**
14. **'n Druppende kraan (een druppel per sekonde) kan tot 30 liter water per uur mors - wat 10 000 liter per jaar se vermorsing kan beteken!**
15. **Gebruik jy 'n tuinslang om jou motor te was? Oorweeg dit om twee emmers water daarvoor te gebruik. Dit kan jou elke keer tot 300 liter water bespaar.**

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

*Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms*

**LAAT KOM BY DIE SKOOL**

Graag wil ons net die volgende weer onder u aandag bring. Die skool begin vir alle leerders om **07:25.** Ons doen 'n beroep op ons ouers om te poog om u kind/kinders betyds by die skool af te laai en om die kantoor te skakel indien u kind, om welke rede, laat by die skool gaan wees.

***BELANGRIKE KENNISGEWING***

Ons herinner u net weer daaraan dat die skool vir al die Graad 4 – 7 leerders om 13:30 uitkom, aangesien voorsiening vir 'n leesperiode gemaak moes word.

**UNISA-EKSAMENS**

Die volgende drie leerders gaan volgende week aan die Unisa Klaviereksamens deelneem:
Anthony Slater, Lindie van der Merwe en
Marlene van der Merwe. Ons wens hulle baie sterkte toe.

**VOORTREKKERS**

Baie geluk aan Beané Jooste wat die afgelope naweek 'n Silwer toekenning op die PD-toetskamp verwerf het.
Die naweek was baie koud en die toetsing was taai. Die Voortrekkers was Vrydagaand tot 23:00 besig en Saterdagoggend reeds om 06:00 aan die gang.
Baie dankie vir jou harde werk en deursettingsvermoë.

**WISKUNDE NAUTILUS**

Geluk aan Josiah Meyer (Eerste plek) en
Thinus van Rhijn (Derde plek), met hulle deelname aan bogenoemde kompetisie wat vir leerders in die Vrystaat en Noord-Kaap aangebied was. Dit is voorwaar 'n groot prestasie en ons is baie trots op julle.

**JUNIOR KOOR**

Die Junior Koor tree Sondag, 30 Augustus by die NG Kerk Gardeniapark, om 09:00 op. Hiermee word u uitgenooi om die kerkdiens te kom bywoon en sodoende ons Junior Koor te ondersteun.
Dankie vir u ondersteuning in hierdie verband.

**GHOLFDAG : ONZE RUST PRIMêR**

Geluk aan Vernon York en sy pa wat bogenoemde gholfdag gewen het. Dit was maar slegs Vernon se derde golf geleentheid waaraan hy deelgeneem het. Hy het ook die naaste aan die pen gewen.

**NUUS UIT DIE KOEIKAMP**

Hulle sê: "No news is good news"..... maar eish, ou Melkskommel se goeters hang, want die geldjies kom maar stadig in.
Ons besef dat die huidige resessie, waarin die land en ons almal in verkeer, maar ons beursies in 'n wurggreep het.
Ons doen 'n vriendelike beroep op u om ons nogtans te ondersteun, aangesien die fondse geïn, aangewend gaan word in belang van u kind/kinders.
Baie dankie uit die hart vir u ondersteuning tot dusver – u is voorwaar staatmakers.

**UITVERKOPING – KLEREWINKEL**

**Die volgende items word teen verlaagde pryse aangebied, kom kyk gerus en maak gebruik van hierdie aanbod :**

**Lang- en kortmou grys seunshemde**
**Lang- en kortmou wit dogtershemde**
**Groen en wit gholfhemde met skool-wapen**
**Lang- en kort grys seunsbroeke**
**Kort swart quantec oefenbroeke**
**Oranje oefen frokkies**
**Oranje oefen broekies**